

Voerkraalafron- ding van Speenkawers



Voerkraal in Botswana

Ulrich Müller, Voermol Voere

Oor die afgelope aantal jare beleef Voermol 'n toename in die aanvraag na Voerkraalkonsentrate. Die mees gewildste Voermolkonsentrate vir plaasvoerkrale is Voermol SB 100 (V4498) en Voermol Beefmaker (V7535). Vir die groter en kommersiële voerkrale is Voermol Super 80 (V16976) en verskeie vloeivoerkonsentrate uiters gewild. Die hoofrede vir die toename in aanvraag, is die styging in vleispryse terwyl die graanprys relatief laag is. Teen huidige pryse (Maart 2011), is die voermarge positief en winsgewendheid goed. Weens die toename in voerkraalaktiwiteit en 'n verhoogde vraag na speenkawers, styg speenkalfpryse.

Om 'n speenkalf suksesvol te voer en te bemark, is daar verskeie faktore wat belangrik is en aandag moet geniet. In hierdie artikel word van die belangrikste aspekte bespreek.

Die grootste enkele insetkoste, is die aankoopkoste of waarde van die **speenkalf**. Dit is uiters belangrik dat

die prys van die speenkalf nie te hoog is nie. Die prys van die speenkalf (R-c/kg) word hoofsaaklik bepaal deur die massa en die kwaliteit van die kalf. Die tipiese gewig van die ideale speenkalf is tussen 200 kg en 250 kg.

Om 'n speenkalf markklaar te voer, word sowat 1.2 ton **voer** benodig. Die voer bestaan uit sowat 70 % graan en/of hominy chop en 30 % wat opgemaak word uit 'n afrondingskonsentraat, 'n hoë proteïenkonsentraat (HPK) en ruvoer. Met 70 % graan (mielies) in die rantsoen, is dit dus duidelik dat die mielieprys of meer spesifiek die verhouding tussen die mielie- en vleisprys, in 'n groot mate die winsgewendheid gaan bepaal.

Fasiliteite en skoon koel **water** is uiters belangrik. Speenkawers kan in goed ontwerpte voerkrale asook primitiewe fasiliteite soos 'n voerbak in 'n klein kampie suksesvol afgerond word.

Oor die afgelope aantal jare het die **endmassa** en dus **slagmassa** van markgereed kalwers toegeneem. Weens die positiewe voermarge het dit 'n positiewe effek op winsgewendheid.

Die ideale lewendige endmassa is ten minste 400 kg en swaarder met 'n karkasgewig (A2/3-graad) van meer as 225 kg. 'n Goeie kwaliteit kalf behoort hierdie massa na ongeveer 100 tot 120 dae in die voerkraal te bereik.

Met goeie voer-, krip- en gesondheidsbestuur, behoort speenkawers suksesvol en winsgewend in 'n voerkraal afgerond te kan word. Verder is dit belangrik dat kalwers korrek geprosesseer (ent, doseer, implantaat, ens.) word om mortaliteit tot 'n minimum te beperk en om optimale produksie te verseker.

Hiermee 'n paar gedagtes oor drie opsies wat speenkalfprodusente kan oorweeg.

1. Verkoop die kalf met speen

Die maklikste opsie is seker om die speenkalf direk na speen aan 'n voerkraal te verkoop. Die voordeel hier is dat die risiko laag is en die geld onmiddellik gebank kan word. Die nadeel is dat die speenkalfprodusent nie self waarde tot die speenkalf toevoeg nie.

2. Direk in voerkraal

'n Tweede opsie is om die speenkalf self in 'n voerkraal te voer totdat die speenkalf markgereed is. Sodoende voeg die speenkalfprodusent self waarde tot die kalf toe.

Deur die voerstelsel wat deur Voermol ontwikkel is te gebruik, is die voer van speenkawers baie eenvoudig met goeie resultate. Eerstens is dit belangrik dat die kalwers korrek geënt en gedoseer word. Tweedens moet daar van 'n oorinplantaat of groeistimulant gebruik gemaak word. Derdens kan die **Voermolstelsel** gebruik word om die kalf te voer. Meng

eenvoudig 200 kg **Voermol SB 100** met 800 kg graan (heel mielies of hominy chop) en voer die mengsel *ad lib.* tesame met hooi (mieliereste, koringstrooi, ens.) apart en *ad lib.* Met die **Voermolstelsel** van vetmesting word baie eenvoudige fasiliteite benodig. Die minste fasiliteite is 'n voerbak of voerkrip waarin die **Voermol SB 100**-mieliemengsel *ad lib.* gevoer word plus hooi in 'n hooirak. Die hooi kan ook in die vorm van veldweiding in 'n klein kampie voorsien word.

Voermol SB 100 kan ook in volledige voermengsels gebruik word. Voorbeelde van sulke mengsels, word in onderstaande tabel aangegee. Die mengsels is volledige voere en moet *ad lib.* gevoer word. Vir beter aanpassing kan hooi addisioneel apart uitgesit word

Voorbeelde van menginstruksies vir volledige voere

Rantsoen	Sonder kuilvoer	Met kuilvoer
	kg	kg
Voermol SB 100 (V4498)	150	150
Mieliegruis	650	600
Kuilvoer (nat)	—	300
Hooi	100*	50*
Totaal	900	1 100

* Die insluiting van hooi kan verhoog of verlaag word ten koste van mieliegruis, afhangende van aanpassing en bestuur.

totdat voerinname gestabiliseer het. 'n Meer eenvoudige voerstelsel wat toenemend gebruik word, is die **Beefmakerstelsel**. Hier word baie min of geen hooi benodig om 'n speenkalf in 'n voerkraal af te rond. Kortliks is die prosedure soos volg:

Dag 1

Gee vrye toegang tot hooi sodat die kalf vlei vreet en rustig raak.

Dag 2 – 14

Voer 'n mengsel van 20 % **Voermol Beefmaker** en 80 % heel mielies of hominy chop *ad lib.* met Beefmaker apart en *ad lib.* Voorsien die mengsel in sowat 85 % van die beskikbare kripspasie en **Voermol Beefmaker** in sowat 15 % van die beskikbare kripspasie.

Dag 14 tot slag

Na aanpassing is vermenging nie meer nodig nie. Voer skoon **Voermol Beefmaker** in 15 % van die kripspasie en skoon heel mielies of hominy chop in 85 % van die beskikbare kripspasie.

Deur die speenkalwers vir 'n verdere sowat 30 dae met **Voermol Zilmol** (V16978) te voer, kan die wins aansienlik verhoog word. Skakel u naaste Voermol-agent vir meer besonderhede.

3. Hou kalwers op weiding en bemark later

'n Verdere opsie is om die speenkalf terug te hou en op weiding uit te groei en dan op 'n later stadium te bemark. Sodra die kalf 350 - 370 kg weeg (afhangende van die ras of tipe), kan die kalf vir 50 tot 60 dae in 'n voerkraal gevoer word tot slaggereed. Goeie gehalte weiding is noodsaaklik om groei te verseker. 'n Goeie lekaanvulling soos **Voermol Supermol** (V7267) op groenweiding of **Voermol Produksielek** (V10108) op droë weiding van goeie gehalte is hier nodig.

Besoek gerus www.voermol.co.za vir meer inligting of rig u navrae aan:

Ulrich Müller,
Tegniese Bestuurder,
083 414 5928
utm@mweb.co.za

Voermol se Borgskap aan die RPO en die NWKV

Voermol se Borgskap aan die RPO

Op die foto, Kenny Crampton (links), Voermol se Nasionale Verkoopsbestuurder, het tydens die Rooivleis Produsente Organisasie se Nasionale RPO Kongres te Mount Grace in Magaliesburg, 'n borgskaptjek vir die bedrag van R100 000 aan Arnold Brand (regs), voormalige voorsitter van die Nasionale RPO, oorhandig.

Voermol se Borgskap aan die NWKV

Leon de Klerk, Voermol se Verkoopsbestuurder, en Kenny Crampton het tydens die NWKV se Nasionale Midjaarbestedingsvergadering, 'n tjek vir die bedrag van R54 120 aan Petrus de Wet (NWKV President) en Leon de Beer (NWKV Hoofbestuurder) oorhandig as deel van Voermol se borgskap aan die NWKV gedurende 2010.



Droëseisoenlekke wat 'n Verskil Maak

Dr. Jasper Coetzee, Voermol Voere
(021 887 9559; 0833 86 83 82;
jasperco@iafrica.com)

Wat is nadeel van die hoë veld- produksie weens die baie reën?

- Hoe langer die gras uitgegroeï het, hoe laer is die verteerbaarheid daarvan. Die afname in verteerbaarheid lei ook tot 'n drastiese afname in weidingsinname omdat die ingenome droë weiding nou langer in die grootpens bly en stadiger uitvloei.
- Wanneer die verteerbaarheid van die gras minder as 45 tot 50 % is, is dit nie meer in staat om in diere se onderhoudsbehoefte te voorsien nie en begin hulle kondisie en massa verloor.

Hoe kan die oorgroeïde winterveld optimaal benut word?

- Verskaf 'n rumenstimulerende onderhoudslek wat in die voedingsbehoefte van die herkouer en veral sy mikro-organismes in sy grootpens voorsien. Volgens professor Ron Leng van Australië het die mikro-organismes 'n voedingsbehoefte aan kritieke voedingstowwe soos ammoniak van ureum; swawel; fosfor; magnesium; 'n reeks spoorelemente asook 'n energiebron soos melasse wat vinnig en maklik beskikbaar is. Hierdie kritieke voedingstowwe word deur 'n multivoedingslek, ook bekend as 'n rumen-stimulerende Droëseisoen-; Onderhouds-; Proteïen- of Winterlek, aangevul om doeltreffende vertering van droë ruvoer en veldgras te verseker.

Wanneer moet proteïenlekke op droë grasveld voorsien word?

- Die aangewese tyd om na proteïenlekke oor te skakel, is na die eerste swaar ryp in die winter.
- Bekker (1996) is van mening dat proteïenlekaanvulling 'n aanvang moet neem wanneer massastilstand intree.

Kan ongesteëliseerde hoendermis as 'n proteïenaanvulling op droë weiding gebruik word?

- Afgesien van herhaalde waarskuwings is daar steeds produsente wat ongesteëliseerde hoendermis

as die enigste proteïenaanvulling vir vleisbeeste gebruik. Gedurende 2007 het 'n vleisbeesprodusent drie verskillende oorwinteringstelsels, naamlik droë grasveld met hoendermisaanvulling; mieliereste met hoendermisaanvulling en droë grasveld met 'n **Voermol Dundeelekmengsel** geëvalueer. Die onderskeie kalfpersentasies was 65 %; 74 % en 91 % wat weereens bevestig dat hoendermis nie 'n geskikte aanvulling is nie.

- Volgens die Suid-Afrikaanse Veevoerwet (Wet 36 van 1947) mag ongesteëliseerde hoendermis glad nie as 'n veevoer of veevoergrondstof verhandel word of by kommersiële voere ingemeng word nie. Die gebruik van hoendermis is al in verskeie oorsese lande (Europa, Australië en sekere state van Amerika) verbied. Verder moet produsente besluit of hy sy produk (vleis en melk) se beeld by die gesondheidsbewuste verbruiker wil skaad deur hoendermis aan sy diere te voer. Mikotoksiene wat afkomstig is van hoendermis kan in die melk uitgeskei word. Sommige van hulle is karsinogenies en kan kanker by die verbruiker veroorsaak.

Watter rol speel sout in 'n droë- seisoenlek?

- Sout word in lekke ingesluit omdat herkouters 'n soutbehoefte het en omdat dit gebruik word om lekinname te beheer. Te hoë soutinsluiting in lekke, die voer van klipsout of 'n soutlek kan tot oormaat soutinname aanleiding gee. Te hoë soutinname is nadelig vir die dier en dit kan ook vertering van die droë gras laat afneem en die proteïenbeskikbaarheid aan die dier verlaag (Godwin & Williams, 1986). Waar droë seisoenlekke gevoer word, moet geen soutlekke of soutklippe addisioneel gevoer word nie.
- 'n Vleisbeesprodusent wat sy koeie vir jare 'n hoë gehalte droëseisoenlek gevoer het se koeie se gemiddelde kalfpersentasie was 94 %. Gedurende 1994 het hy besluit om die lekbyvoeding te staak en slegs sout te voer. Sy koeie se kalfpersentasie het geleidelik begin afneem en drie jaar later was hulle kalfpersentasie slegs 67 %. Waar net 'n soutlek

regdeur die jaar gevoer is, was die kalfpersentasie 38.4 % teenoor die 60.4 % van die groep wat slegs 'n fosfaatlek ontvang het (McDowell *et al.*, 1983). Om egter 'n kalfpersentasie van meer as 95 % te verseker, moet 'n drie-faselekprogram (d.i. fosfaat-; proteïen- en produksielek) gevolg word.

Droëseisoenlekke (Proteïenlekke) vir vleisbeeste

- Voermol se Droëseisoenlekke is op voorafgaande konsepte gebaseer en bevat melassestroop wat ryk aan minerale is. In die vervaardiging van Droëseisoenlekke word melassestroop as 'n draer van ureum en minerale gebruik wat dan weer in suikerriet bagasse geabsorbeer word om 'n smaaklike en nie-stowwerige lek, wat nie wegwaai nie, te gee. Voermol bemark 'n reeks melassegebaseerde rumenstimulerende proteïenlekke wat in verskillende vorms (los lek of blok), formaat (klaargemeng en gereed om te gebruik of selfmeng), met hoë of lae fosforinhoud beskikbaar is en wat hoë vlakke van al ses noodsaaklike spoorelemente asook makrominerale en Vitamien A bevat.
- Die volgende klaargemengde droëseisoenlekke is vir vleisbeeste beskikbaar. **Voermol Premix 450** (V4676) vir baie strawwe winters; **EG Lek** (V22522) vir suurveldgebiede met matige tot strawwe winters; **Bovelderlek** (V19218) vir laer lekinnames waar tradisionele winterlekke se innames te hoog is (bv. suurveldgebiede); **Hoëveldlek** (V16150) vir hoër fosforaanvulling; **Dundee Lekkontraat** (V10737) met of sonder ekstra fosfor vir selfmeng (sien Tabel); **Rumevite Ekonolek** (V11147) veral vir speenkalwers en eerstekalfverse; **Proteïenblok** (V10448) en **Beesblok** (V10932) waar lekbakke nie beskikbaar is nie. Vir meer besonderhede oor leksamestelling, lekmengsels, gebruiksaanwysings en aanbevole innamepeile raadpleeg Voermol se nuutste Produk-handleiding of www.voermol.co.za



Jozette Simmentalers


Mark Barlow, Voermol Voere

Voermol Voere voel geëerd om met Mnr. Johan Cloete van Jozette Simmentalers geassosieer te wees, en ons wens hom geluk met sy merkwaardige prestasies oor die jare.

Sommige van Jozette Simmentalers se gesaghebbende toekennings sluit in:

- LNR Vleisbeesprestasietoetskudde van die Jaar (Nasionale Kompetisie) in 1998;
- LNR Vrystaat streek – Vleisbeesprestasietoetskudde van die Jaar in 1987; 1998; 1999 en 2001;
- Die Farmers' Weekly se Koei Trofee in 1996; 2000 en 2001.

Sommige van Voermol se produkte word in Mnr. Cloete se bestuursprogram vir Jozette Simmentalers ingesluit, soos: **Voermol Supermol (V7267)**, **Voermol Superfos (V17422)**, **Voermol SB 100 (V4498)**, **Voermol Premix 450 (V4676)** en **Rumevite 12P (V11994)**.



3

Grondstowwe	Proteïenlekke		
	1	2*	3
Voermol Dundee Lekkonsentraat met of sonder fosfor (V10737) (kg)	250	250**	—
Bovelderlekkonsentraat (V19908) (kg)	—	—	450
Mieliemeel of Voermol Melassemeel (V1995)	100	200	200
Voermol Rumevite 12P (V11994) (kg)	—	50	—
Sout (kg)	150	150	350
Totaal (kg)	500	650	1000
Aanbevole inname (g/bees/dag)	355 - 470	450 - 600	500 - 800

* Gebruik in gebiede waar ernstige fosfortekorte voorkom ** Gebruik Dundee Lekkonsentraat + P

Wenke vir suksesvolle oorwintering

- Monitor voortdurend lekinname — te lae lekinname het swak diereprestasie tot gevolg. Daarenteen dui 'n te hoë inname meestal daarop

dat óf te min weiding beskikbaar is en dat van kampe verwissel moet word óf dat die gehalte van die weiding so verswak het dat 'n proteïenlek nie meer in die behoeftes

van die diere voorsien nie en dat na 'n produksielek oorgeskakel moet word.

- Die aantal lekbakke asook die plasing daarvan kan ook 'n belangrike rol speel om gereelde lekinname te verseker. Om gereelde lekinname te verseker, moet lekbakke verspreid in die kampe geplaas word. Maksimum 15 beeste per lekbak of lekblok toegelaat word of minstens 100 mm lekbakvreetspasia per bees. Lekbakvreetspasia moet na gelang van omstandighede (bv. baie groot kampe, veral dié met net een watersuiiping) aangepas word.
- Lekke alleen gaan nie al die veeboer se probleme oplos nie. Daarmee saam moet 'n doeltreffende gesondheidsbeheer- en siektevoorkomende program (doseer- en entprogram) asook 'n doeltreffende weiding- of veldbestuurstelsel gebruik word.



Weimielies is 'n Gevestigde Praktyk, Maar Wees Bedag op Slaggate

Hendrik van Pletzen, Voermol Voere

Weimielies is 'n uitstekende metode om waarde toe te voeg tot mielies en met die huidige prys- en kostestruktuur (pryse in Maart 2011), is 'n "mielieprys" van tot R3700/t haalbaar.

Wees egter bedag op die volgende slaggate wat die winsgewendheid ernstig kan benadeel:

- Suurpens (asidose) bly die grootste enkele risiko en grootskaalse vrektes kan voorkom waar skape nie goed aangepas is nie.
- Lammers wat nie mielies ken nie, neem tot drie weke lank om mielies te leer vreet. Aanvanklik wil die lammers glad nie mielies vreet nie en dan ewe skielik na 7 tot 14 dae begin hulle sterk wei en kry suurpens.
- Lammers wat lakseer is geweldig vatbaar vir brommeraanvalle. Dit bly 'n probleem tot en met strawwe ryp.
- Die proteïenwaarde van mielies is laag en op meeste lande is daar 'n tekort aan sink, mangaan, selenium en koper.
- Die minerale is nie gebalanseerd nie en 'n oormaat fosfor gee aanleiding tot die vorming van blaasstene by hamels en ramme.
- Kontrole en beheer in 'n digte stand mielies in groot kampe is 'n probleem.

Bestuursriglyne om probleme te beperk

- Proesseer lammers soos vir 'n voerkraal en gee die nodige inentings, behandel teen inwendige en uitwendige parasiete, behandel met 'n langwerkende middel teen brommers en dien 'n oorinplantaat toe.
- **Gee Voermol Landelek** (V54514) vanaf dag 1 om lammers lek te leer vreet. Gee klein hoeveelhede vars **Landelek** ten minste twee maal per dag en voorsien ten minste 5 cm vreetspasie per lam.
- Weimielies kan reeds in die harde deegstadium bewei word – dit vergemaklik aanpassing.
- Gelykmatige aanpassing op mielies is belangrik. Gee Landelek ten minste 14 dae voor skape op lande gaan en pas mielies gelykmatig op die veld met volop ruvoer aan. Begin met 200 g mielies of mieliekoppe/skaap/dag en verhoog elke tweede dag met 100 g.

- Die aanpassingsperiode van skape wat mielies ken, kan aansienlik verkort word deur hulle met LacticonS te doseer.
- Plaas lekbakke naby waterkrippe om goeie lekinnames te verseker.
- Monitor lekinnames. Die aanbevole inname van **Landelek** is 200 g per 45 - 50 kg skaap. Groter (swaarder) skape moet meer inkry (300 g/dag).
- Maak waterkrippe ten minste drie keer per dag skoon.
- Skuif skape betyds na 'n vars blok – pitte moet nog sigbaar wees.
- 'n "B" trop, d.w.s. droë diere met 'n laer voedingsbehoefte wei agter om die land skoon te vreet.
- Skape wat nie aangepas is nie, moet nie by 'n "aangepaste" trop gevoeg word nie.
- Monitor diere vir simptome van suurpens – diere is styf en beweging moeilik, lakseer, ontwater, mis ruik suur.
- Onttrek siek skape en behandel met LacticonS of 'n teensuurmiddel bv. geaktiveerde houtskool of ant-acid. Voer ruvoer (verkieslik lusernhooi), begin weer mielies gelykmatig byvoer en plaas gesonde diere so gou moontlik terug op die land.
- Hou troppe prakties so klein as moontlik om goeie kontrole en beheer toe te pas.

Produksienorme

- Drakrag van weimielies word deur graanopbrengs bepaal. Vir elke 1t graan is daar 1000 kleinvee-eenheid weidare (45 - 50 kg skaap) -

- maak dus voorsiening vir 'n inname van 1 kg mielies/skaap/dag. Met 'n graanopbrengs van bv. 5t/ha, is die drakrag ongeveer 55 skape/ha vir 90 dae. Drakrag kan verhoog word deur spaarveld aangrensend te wei.
- Goeie gehalte dubbeldoel speenlammers (wol en vleis) met 'n aanvangsgewig van 28 - 32 kg voeg die beste waarde tot weimielies. Met die huidige pryse kan 'n "mielieprys" van tot R3 700/t realiseer.
- Skeer lammers twee tot drie weke voor slag om die maksimum voordeel van wolproduksie te benut.
- 'n Speenlam verbruik nagenoeg 110 kg mielies in 80 - 90 dae. Lammers op weimielies word gewoonlik swaarder om die gewenste graad te bereik in vergelyking met lammers in 'n voerkraal.
- Ooie met lammers kan ook weimielies benut, maar voeg nie soveel waarde toe soos speenlammers nie. Lammers moet ten minste drie weke oud wees voordat hulle op weimielies gaan om te verhoed dat lammers af raak van die ooie. Lammerooie word vet op weimielies en tot 68 % lam tweeling in die volgende lamseisoen.

Voermol Landelek en bogenoemde bestuursmaatreëls sal die risiko van suurpens drasties verminder. Aangesien enkele diere in 'n trop baie min of geen lek vreet nie, is dit onmoontlik om te waarborg dat geen suurpens sal voorkom nie.



Om die beste voordeel uit wolproduksie te kry, moet lammers twee weke voor bemarking geskeer word



Vandag 'n Vers Môre 'n Melkkoei

Zeno Bester, Voermol Voere

Vandag se vervangingsverse is môre se melkkudde. Met die voer van 'n gebalanseerde rantsoen wat in die vers se groei-behoefes voorsien verseker die boer dat verse op die aangewese massa gedek word en sou gou moontlik begin wins genereer en die genetiese vordering in die kudde bespoedig.

Kolostrum inname

Kalwers moet ten minste 4 liter kolostrum ontvang binne 12 uur na geboorte. Kolostrum of biesmelk is die eerste melk wat afgeskei word na kalwing en is 'n bron van passiewe immuniteit vir die kalf. Maak seker dat melk altyd verhit word aangesien koue melk opblaas en diarree kan veroorsaak. Melk of melkvervangers kan teen 8 tot 10 % van liggaamsmassa gevoer word.

Water

Deur water inname te beperk, word voerinname indirek ook beperk. Skoon, vars water behoort vanaf so vroeg as dag 3 na geboorte beskikbaar te wees. Die water kan vir 'n uur voor en na melkvoedings verwyder word om te verhoed dat kalwers te veel suip en 'n waterpens ontwikkel of opblaas.

Rumenontwikkeling

'n Kalf is eers teen die ouderdom van 12 weke 'n funksionele herkouer. Hoe langer kalwers van melk voorsien word hoe groter die beperking op rumenontwikkeling wat na speen groei drasties kan afneem. Deur 'n gekonsentreerde rantsoen van 'n vroeë ouderdom te begin voer (so vroeg as dag 7) word die rumen papillae gestimuleer en rumenontwikkeling bevorder.

Voedingsprogram

'n Volledige kalfpil of meel soos **Voermol Volledige Kalkorrels** (V14607) is 'n goeie bron van verteerbare proteïene en kan vanaf dag 7 gevoer word. **Voermol Kalfmeel** is smaaklik en die insluiting van 'n ionofoor beheer koksidiöse uitbrake. As 'n duimreel kan kalwers gespeen word wanneer hul ten minste 1 kg kalf meel vreet. **Voermol Volledige Kalf** kan teen minimum 2.5 kg (3 maande oue verse) tot 4.5 kg (verse 6 maande en ouer) gevoer word tesame

Gerieflike vermenging van 'n Kalf/vers meel met Voermol SS 200 (V8592) en Voermol Procon 33 (V12701)		
Menginstruksies		
Verse	0 - 6 Maande	7 - 15 Maande
Voermol SS 200	200	200
Voermol Procon	100	50
Mielie Meel	500	400
Lusern Hooi	100	—
Hooi (3 % ru-proteïene)	100	400
Voermol Rumevite 12P	—	10
Spesifikasies van Finale Mengsel (g/kg)		
Ru-Proteïene (Min)	160	12
Ureum (Maks)	12	12
Vesel (Maks)	1080	152
Kalsium (Maks)	10	11
Fosfor (Maks)	4.3	4.4

Voer die mengsel ad lib. aan verse met vrye toegang tot ruvoer / hooi



Kalwers moet kolostrum ontvang binne 12 uur na geboorte

met goeie kwaliteit ruvoer. Alternatiewelik kan **Voermol SS 200** (V8592) as basis gebruik word om 'n volledige versgroeirantsoen te vermeng.

Grootmaak van verse op weidings

- 'n Aanvulling soos **Voermol Molovite** (V7266) kan aan verse gevoer word wat op goeie kwaliteit, bemeste weidings uitgegroeï word teen 'n vlak van 1 kg/vers per dag. Molovite kan 1 tot

1 met mielies vermeng word en teen 2 kg/vers per dag gevoer word om bykomende energie te verskaf.

- Voermol Supermol** (V7267) kan op groen veldweiding gevoer word teen 1 tot 2 kg/vers per dag en ook in 1 tot 1 verhouding met mielies gemeng word en teen 2 kg/vers gevoer word vir addisionele energie.

Uierontwikkeling

Oorvetverse is dikwels die resultaat van versrantsoene met 'n te hoë energieinhoud. Vetneerlegging in die melkklier is 'n risiko tussen die ouderdom van 3 tot 10 maande en kan melkproduksie in die volwasse koei aansienklik verminder. Verse moet dus 'n rantsoen ontvang wat in hul unieke behoeftes voorsien (wat voortdurend verander soos wat hul ouer word.)

Die voorkalfvers

'n GDT van 1.13 kg/vers per dag moet gedurende die derde trimester van dragtigheid gehandhaaf word met 450 tot 680 gram groei per dag afkomende van die ontwikkelende fetus. Vermoë weidings wat swaar bemes is met kalium en hoog is in kalsium soos



Prosim Studiegroep



Hennie Viljoen 1ste, Fanie Maré 2de, Jan van Jaarsveld namens Jannie van Deventer 3de en Gerrit van Niekerk van Voermol. Simbrawenners.

Herman van der Merwe

Die sewende bulttoets van die Prosim Simmentaler en Simbra Studiegroep het tot 'n einde gekom op 16 Oktober 2010. 'n Totaal van 48 Simmentaler- en 38 Simbrabulle, met die ouderdom van 6 tot 10 maande, van verskillende stoettelers het aan die toets (Fase D) deelgeneem. Die bulle is in die voerkraal van Herman van der Merwe van Bothaville gevoer.

Daar is besluit om van **Voermol se Uitkoms Liquid** met 'n mengsel van chop en kuilvoer gebruik te maak, omdat dit die rantsoen baie bekostigbaar gemaak het. Daar was 'n 28 dae aanpassingsperiode en die toetsperiode het oor 90 dae gestrek. Die bulle het in uiterse koue toestande in die middel van



André Ellis 3de, Herman vd Merwe 2de, Erich Schulenburg 1ste en Gerrit van Niekerk van Voermol. Simmentalerwenners.

Junie 2010 aangekom en het baie goed aangepas. Bulle van sover as Hopetown in die Noord Kaap, Warmbad in Limpopo en Standerton in Mpumalanga het aan die toets deelgeneem en so goed aangepas dat meer as die helfte van hulle reeds 'n GDT van 1.2 kg gedurende die aanpassingsperiode gehad het.

Na die 90 dae toetsperiode was die GDT oor die hele groep van 86 bulle 2.0 kg per dag. Geen groeistimulante of hormone is gedurende die toets gebruik nie omdat al die bulle vir teeldoeleindes gebruik gaan word. Elke bul se groei is slegs afkomstig van die genetiese groeikragtigheid wat Simmentaler en Simbrabulle bied. Na afloop van die toets is alle bulle op

grond van voorkoms (fenotipe), groei en teelwaardes beoordeel. Die Simmentalerbul wat die toets gewen het (E 09-183 – 'n Poenskop bul) spog met 'n GDT van 2.6 kg en behoort aan Mnr. Erich Schulenburg van Coligny, tweede was Verma Gladiator (VER 0914) van Herman van der Merwe - Bothaville en derde Elli's Junior (DJA 0960) van André Ellis - Klerksdorp. Die Simbrawenner was die bul (VLB 09-108B) van Mnr. Hennie Viljoen van Parys en het 'n GDT van 2.2 kg gehad. Tweede was (FM 0991) van Fanie Maré - Klerksdorp en derde (JVD 0988) van Jannie van Deventer - Klerksdorp.

6 ◀▶

Kikoejoeweidings aangesien dit die risiko vir uieredeem en metaboliese steurnisse soos melkkoors verhoog.

“Om te Meet is om te Weet”- Prof Jan Bonsma

Verse moet geweeg word, liggaamskondisietelling (LKT) aangeteken, skofhoogtes gemeet word en voorkwart omtrek gemeet word om te bepaal of beide die liggaamsmassa toename sowel as die raamontwikkeling voldoende is vir ouderdom en ras. Aanbevole groei-tempo vir verse (speen tot puberteit):

- 900 g/d vir Holsteins en Bruin Switsers
- 700 g/d vir Guernseys en Ayrshires
- 500 g/d vir Jerseys.

Die LKT van verse moet onder 3 gehandhaaf word tot met dek om veterneerlegging in die uier te verhoed.

Samevatting

In aggenome die feit dat die gemiddelde aantal laktasies vir 'n Suid-Afrikaanse melkkudde 2.4 laktasies is, moet die melkprodusent poog om verse so uit te groei dat hul die melkkudde binne

op die aangewese ouderdom en daardeur:

- tot hul volle genetiese potensiaal bydra;
- grootmaakkostes verhaal deur lank genoeg in die kudde te bly;
- die aantal vervangingsverse wat onderhou moet word verminder;
- die genetiese vordering van die melkgroep bespoedig.

*Bronne beskikbaar op aanvraag.



Voermol by NAMPO

Mark Barlow, Voermol Voere

Voermol Voere wil alle boere en hul families wat beplan om tussen 17 en 20 Mei 2011 die Nampo Oesfees naby Bothaville by te woon, welkom heet.

Jy word uitgenooi om die Voermol Voere stalletjie, wat wes van die Vee-kompleks geleë is, te besoek, waar jy die geleentheid sal hê om jou veevoedingsbehoefes met die Voermol verkoopsman en die tegniese kenners, Dr. Jasper Coetzee, Ulrich Müller en Hendrik van Pletzen te bespreek.

Met besoekersgetalle aan Nampo wat in 2010 'n toename getoon het teenoor die vorige jare, belooft 2011 om 'n onvergeetlike ondervinding met 'n interessante reeks uitstallings te wees, gepas vir die hele familie. Ons moedig jou aan om die meeste van jou besoek te

maak deur jou Voermolbestellings by die Voermol stalletjie te plaas.

Gedurende die Nampo Oesfees sal daar heelwat Voermolprodukte op promosie wees, insluitende die wydgebruikte afrondingskonsentrate **Voermol SB 100** (V4498) en **Voermol SS 200** (V8592) vir die afrond van kalwers en lammers onderskeidelik, sowel as **Voermol Landelek** (V15414) wat blyk om baie doeltreffend en winsgewend te wees wanneer dit saam met Weimielies gebruik word.

Boere wat hulle bestelling vir hierdie produkte tydens die Nampo Oesfees by die Voermolstalletjie plaas, sal dit nie alleenlik teen die beste pryse kan aankoop nie, maar sal ook kwalifiseer om 'n Voermol geskenk, wat sekerlik aantreklik sal wees vir enige veeboer, te ontvang. Daar sal verwag word om

'n minimum bestelling te plaas. Alle bestellings wat by die Voermolstalletjie geplaas word, sal deel wees van 'n daaglikse gelukstreking waartydens spesiale pryse gewen kan word.

Die Voermolstalletjie by Nampo het nog altyd 'n spesiale aantrekking gehad en hierdie jaar sal nie anders wees nie. Families is welkom om in te loer vir 'n koeldrank of 'n warm koppie koffie of tee en die lewende getoonstelling van beeste en skape in die aangename omgewing te besigtig.

Ons sien uit daarna om jou by die Nampo Oesfees te verwelkom en hoop om jou besoek onvergeetlik te maak.

Voer ons jou probleme... Voermol, die leiers in lek- en konsentraatmark sal jou met oplossings voer.

KZN Dames se Kushengelspan wen Goud

Krissi Scott

Voermol Voere het die KZN Dames se Kushengelspan geborg wat aan die Suid-Afrikaanse Kushengelvereniging se Nasionale Dames Kushengeltroernooi in Januarie deelgeneem het met Zululand as die gasheer. Elf provinsies met 54 hengelaars het oor drie dae gewedwyer deur elke dag vir 8 ure vis te vang. Die dames moes in baie moeilike omstandighede hengel – baie seegras, 'n sterk westewind en reën. Die gevolg was dat min vis gevang is. Die dames verdien lof vir hulle deursettingsvermoë en vasberadenheid, hulle het nooit moed opgegee nie, ten spyte van die sand wat soms sterk teen hulle gewaai het en die swoeg deur borshoë water na sandbanke met uiteindelik baie min beloning.

Die KZN Dames het die toernooi gewen deur die goue medaljes en die trofee te verower, met Sentraal-Gauteng silwer en Boland brons. Tish Yelland (KZN) het die bobaashengelkompetisie gewen met die grootste oneetbare vis, 'n reuse kitaarhaai van 49 kg. Proteakleure is aan Tish toegeken en sy sal aan die Wêreldkampioenskap in Italië deelneem. Michelle van der Merwe en Louise Harrison is vir die Presidentspan gekies

wat teen Namibië gaan meeding. Die KZN dames wil baie graag vir Voermol vir hulle borgskap en ondersteuning bedank. Ons hoop ons het Voermol eer

aangedoen. Die Nasionale kompetisie sal later die jaar op SuperSport vertoon word wanneer julle die dames in aksie kan sien.



Op die foto: Agter: Louise Harrison (kaptein), Michelle vd Merwe, Koot Scheepers (bestuurder), Krissi Scott
Voor: Lisa Arlow, Tish Yelland, Rudolph Scheepers (afriqter) Afwesig: Nicky Marea en Clinton Woodley (gids)

